

Sing vooraf staande: Psalm 123:1 (p. 614)

- 1 Ek hef tot U wat in die hemel sit, / my oë op en bid.
Net soos die kneg sy oog nie weg wil weer nie, / of aftrek van sy heer nie;
en soos die diensmaagd smekend van haar vrou nie / die oë af kan hou nie –
so staar ons op die HEER tot daar van Hom / oplaas erbarming kom.

Ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 136:1, 2, 3 (p. 660)

- 1 Loof die HEER met blye klank, / loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 2 Loof die hoogste God en HEER, / wat alle aardse mag regeer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 3 Loof die God wat onbeperk / wonders in sy almag werk;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

Gebed

Psalm 19:4 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Skriflesing: Rut 2; lees ook: 1 Korintiërs 3: 9-21

Teks: Kategismus Sondag 24; Rut 2: 12

Mag die HERE jou daad vergelde, en mag jou loon volkome wees van die HERE, die God van Israel, onder wie se vleuels jy kom skuil het.
(Rut 2:12 AFR53)

Wolverdiende beloning van God!

- Dit klink asof ons met ons goeie werke iets kan verdien sodat die Here ons vir hierdie goeie werke gaan betaal.
- Daar is nogal kerke wat hierdie (en nog 15 ander) Bybeluitsprake so verstaan.

Dit skep 'n geloofsprobleem, want waarom moet ons nagmaal kom gebruik en die Here se genade oor ons hoor en proe, of ons kinders laat doop en hoor dat die Here Jesus se bloed ons sondes van ons afwas, as ons met ons eie werke beloning vir die hiernamaalse lewe kan bewerk?

- Die probleem is juis dat oorskating van eie mag die duiwel tot 'n val laat kom het in die hemel.
- Hy het weer op sy beurt dieselfde ding wat hom tot 'n val gebring het, op Adam en Eva oorgedra en hulle tot 'n val gebring: *Julle sal soos God wees!*

Hierdie soort van selfoorskating is vandag seker meer eie aan die mens as wat dit ooit was – daarom dat tekste soos hierdie deur mense misbruik word om hulle eie vermoë te oorskat.

- Mense glo dat hulle dinge doen waarvoor die Here hulle moet betaal/beloon.
- Dit gaan selfs sover dat mense glo dat hulle vir hulleself 'n beter plek in die hemel loswerk as wat ander mense sal hê.

As ons die *loon* wat die Here ons gee, ondersoek, kom ons veral twee dinge agter:

- 1. Die loon wat God ons gee, is bloot die vervulling van sy heilsraad wat Hy lankal oor ons bepaal het.**
- 2. Die loon van God vir ons stel swaar eise aan ons.**

- 1. Die loon wat God ons gee, is bloot die vervulling van sy heilsraad wat Hy lankal oor ons bepaal het.**

Kom ons ondersoek in hierdie preek 'n aantal van hierdie uitsprake sodat ons presies kan bepaal wat die Bybel daarmee bedoel as daar geskryf staan dat die Here ons beloon.

In hierdie geskiedenisgedeelte in die boek Rut is Boas onverbloemd bly dat 'n Moabitiese vrou tot bekering gekom het. Daaruit vloei sy seënspreuk voort dat haar verwagtinge nie sal terleurstel nie en dat die seën van die Here met haar sal wees.

- Dit gebeur nie maklik dat mense uit hulle eie kultuur en godsdiens oorgaan na ander mense se kultuur en godsdiens toe nie.
- Mense ontvang ook nie maklik sulke mense nie.
 - Dink maar net hoe opstandig was Jona toe hy vir die mense van Ninevé moes gaan preek.
 - Hy wou nie, want hy wou nie hê dat daar van hulle tot bekering moes kom nie.

Met Boas is dit anders.

- Hy laat Rut in sy antwoord voel hoe sy sy diepste agting verwerf het.
 - Sy het haar familie en haar geboorteland verlaat om na 'n onbekende volk toe te gaan.
 - Sy het in 'n sekere sin dieselfde gedoen as wat Abraham gedoen het. Omdat sy vir die Here gedoen het wat Abraham gedoen het, mag sy ook deel in die seën wat God oor Abraham se nageslagte uitgespreek het.
- Boas beskryf Rut se koms na Betlehem toe baie mooi met sy woorde: ***kom skuil onder die vlerke van die God van Israel.***

Die welverdiende beloning wat die Here vir hierdie vrou gee, is inderdaad niks anders nie as die feit dat sy tot bekering en tot geloof in die ware en enigste God gekom het en dat sy deur God ingelyf word in die Joodse volk.

Hierdie loon is nie iets wat die Here eers vir die eerste keer beskik het toe Boas dit gesê het nie.

- Ons weet dat die Here alles wat gebeur, al voor die skepping beplan en bepaal het.
- Die loon wat Rut kry, is dus net hierdie verlossingsraad van die Here wat oor haar in vervulling gegaan het.

Nog so 'n voorbeeld waar daar van beloning deur die Here gepraat word, en daarmee baie duidelik die Here se raad met iemand bedoel word, kry ons in 1 Samuel 24:19.

(24:20) Want as iemand sy vyand aantref, sal hy hom op 'n goeie pad laat gaan? Maar die HERE sal jou die goeie vergelde vir wat jy vandag aan my gedoen het.
(1 Samuel 24:19 AFR53)

Dit was waar Dawid die stuk van Saul se mantel afgesny het in die grot.

- Toe Saul 'n ent weg was, het Dawid Saul agternageroep, en toe het Saul besef dat Dawid hom kon doodgemaak het.
- Hy het toe in trane uitgebars. Die trane was omdat Saul lank voor hierdie gebeurtenis baie van Dawid gehou het (16: 21).
- Daarom Saul se ontroering toe hy Dawid nou weer sien en hoor, veral nadat hy besef het dat Dawid hom kon doodgemaak het.
- Saul erken ook volmondig dat Dawid beter is as hy.
- Saul erken nie net sy eie minderwaardigheid teenoor Dawid nie, maar ook teenoor die Here, wat aan Dawid se kant is.
- Daarom maak Saul die uitspraak dat Dawid gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, en dat die Here hom daarvoor moet beloon.

Die dinge wat Saul daarna kwytraak, sien baie duidelik daarop dat Saul met beloon (vergeld) verstaan dat die Here die beloofde koningskap aan Dawid sal gee.

- Almal het in daardie stadium al geweet dat Samuel Dawid as koning gesalf het en gesê het dat die Here hom aanwys as Saul se opvolger.
- Die beloning waarna Saul verwys het, is dus niks anders nie as die vervulling van God se voorafbeplande seën, naamlik Dawid se koningskap oor Israel.

Onthou u ook die keer toe Dawid gesê het dat die Here hom miskien sal beloon omdat Simeï hom vervloek het.

- Dit was eintlik 'n wens dat die Here die vloek wat oor sy kinders was, sou terugtrek omdat hy nou al genoeg gely het, veral ook omdat Simeï hom met hierdie gevloekery voor die hele volk verneder het.
- Die bedoeling was dat die Here weer sy koningskap sou herstel (2 Samuel 16:12).

Miskien sal die HERE my ellende aansien en sal die HERE my goed vergelde vir die vloek wat my vandag tref. (2 Samuel 16:12 AFR53)

Jesaja het geprofeteer hoe Jesus Christus as mens sy werk sou ervaar. Daar staan in Jesaja 49:4 geskryf:

Maar Ék het gesê: Tevergeefs het Ek My vermoei, my krag vir niks en vrugteloos verteer! Nogtans is my reg by die HERE, en my loon is by my God.
(Jesaja 49:4 AFR53)

In hierdie vers kla die Kneg van die Here. Die Kneg van die Here is 'n Ou-Testamentiese uitdrukking wat profeties op Jesus Christus gedui het.

- In teenstelling met sy roeping kla Hy oor die vrugteloosheid van sy werk.
- Dit beteken nie dat die Kneg van die Here ongelowig was of getwyfel het aan die Here of sy almag nie.

Hierdie gedeelte is 'n profesie dat die Here Jesus nie deur die Jode aanvaar sou word nie.

- Daarom word hier profeties die feit van die oënskynlike verwerping van Jesus se prediking en ook Jesus se persoonlike verwerping deur die volk gekonstateer.
- Tog besef Hy dat die Here sy pad met elkeen wat sy prediking gehoor het, gaan loop.
- Die Here sal die werk van die Kneg beloon deur aan Hom reg te laat geskied.

Reg en loon beteken hier dieselfde. Die reg en die loon van God bestaan daarin dat die wat deur God beskik is om verlos te word, deur die Knege van die Here tot verlossing gebring sal word.

2. Die loon van God vir ons stel swaar eise aan ons.

Die Nuwe Testament bring hierdie saak van beloning baie nader aan ons eie lyf omdat die Here hierdie beginsel in ons daaglikse lewe toepas.

- Dit is waar dat die Here sy wil oor ons beskik, maar dit is net so waar dat ons 'n verantwoordelikheid het in die manier hoe ons dit hanteer.
- Kyk byvoorbeeld na Matteus 6. Daar het die Here dit oor die manier waarop ons met die armes omgaan.
 - Hy het toe spesifiek verwys na die manier waarop die Fariseërs aalmoese gee.
 - Hulle het die armes op so 'n manier gehelp dat hulle erkenning en eer daarvoor wou hê.
 - Die Here beklemtoon dat mense wat op hierdie manier en met sulke motiewe aalmoese gee, daarmee klaar hulle loon ontvang het.

Die woorde bedoel dat so 'n mens nie op die seën van die Here kan reken nie, want daar is vir hom geen seën nie.

- Die manier waarop so 'n mens lewe, bewys ook dat hy hom nie onderwerp aan die seën van die Here nie omdat hy sy eie god is met sy eie wette.
- Daarom is daar nie vir hom 'n loon by die Here nie (Matteus 6:1-18).

In dieselfde Bybelgedeelte praat die Here Jesus nie net van beloon nie. Hy praat ook van vergeld.

- God gaan ons in die openbaar vergeld, sê Hy.
- God gaan sy geregtigheid voor alle oë openbaar.
- Die dinge wat in die geheim gebeur, gaan deur die Here in die oopte gebring en reggestel word.

Die loon waarvan daar sprake is, is dus nie iets wat ons verdien nie.

- Ook hier is dit die vervulling van God se verlossingsraad oor elke mens.
- Uit die aard van die saak gaan elke mens in sy lewe leef soos wat God dit vir hom voorbeskik het.
- 'n Goddelose sal goddeloos wees en 'n gelowige sal gelowig lewe.
- Die Fariseërs se skynheilige aardse lewe is dus in ooreenstemming met die loon wat God vir hulle bepaal het.

Ons self kom baie skerp in die spervuur wanneer die Here die Nuwe-Testamentiese kerke en hulle lidmate aanpraat in 1 Korintiërs 3:16, 17:

Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle. (1 Korintiërs 3:16-17 AFR53)

Daar het mense in Korinte gelowig geword en tot bekering gekom, maar op hulle eie voorwaardes: Hulle wou al die sondige dinge wat eie is aan die heidendom behou.

- Die Here begenadig die gemeente met verlossing en met die leiding van sy Heilige Gees, maar die gemeente het daarop gereageer soos wat dit hulle gepas het, en nie volgens hoe die Here dit wil nie.

Die Here sê ons is sy gebou.

- Die feit dat ons God se gebou is, beteken nie dat ons sonder verantwoordelikheid is nie. Daar dreig gevaar!
- Almal word nie met die ewige lewe beloon nie!

Die verantwoordelikheid word uitgebeeld met die opnoem van verskillende stowwe – goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels.

- Jy kan dus nie lewe soos jy wil en dan dink dis reg genoeg nie. Vers 13 praat duidelik van God se oordeel oor jou verantwoordelikheid: Elkeen se werk sal aan die lig kom ... omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.
- Die vuur is God se oordeel. Die oomblik wanneer jy in die gerig voor God staan, word al jou werke beoordeel.

Uit hierdie – en nog baie meer gedeeltes in die Bybel – is dit duidelik dat ons nie met ons werke van die Here 'n beloning kan afdwing nie.

- Van die ander kant af gesien is die beloning wat die Here ons gee, nie 'n betaling vir iets wat ons verdien het nie.
- Die Bybel maak dit baie duidelik dat daar geen mens regverdig is nie, selfs nie eers een nie.

Alle mense leef natuurlik nie ewe ver van die Here af nie.

- Dit gelowiges doen sonde, maar hulle probeer om elke keer uit die sonde op te staan en te doen wat die Here van hulle vra.
- Daarteenoor is dit logies dat 'n heeltemal ongelowige glad nie sal leef en optree soos die Here van hom verwag nie.

Daarom staan daar in vers 15 dat iemand wie se werke heeltemal gaan uitbrand, self ook skade gaan ly.

- As iemand se lewe ongeloof bewys, kan so 'n persoon tog nie wil verwag dat die Here hom met die ewige lewe moet beloon nie.
- Tog word ons wat so onbekwaam is verlos – maar nie uit onself nie. Dit gebeur deur Jesus Christus.
- Jesus Christus sterf net vir gelowiges.
- Dit is inderdaad 'n geweldige daad wat Hy aan die kruis verrig,
 - want Hy gaan sterf vir mense wat as gevolg van hulle sondes geen loon by die Here behoort te hê nie.
 - Maar Hy verwerf vir hulle die loon van die ewige lewe. Dit is waarom die Bybel sê dat ons gered sal word, maar soos deur vuur heen. Die Here Jesus was in die vuur – Hy het vir ons die vlamme van God se toorn oor ons sondes gedra.

Jesus het vir elkeen van ons wat in Hom glo, gesterf tot verlossing (beloning!).

- Hy sê mos in sy Hoëpriesterlike gebed vir sy Vader dat van almal wat die Vader Hom gegee het, nie een verlore gegaan het nie.
- Dit is dieselfde mense van wie die Bybel sê dat die Here hulle sal beloon.
- Hierdie mense vir wie Jesus sterf, was natuurlik die kerk deur die eeue.

Die kerk was van sy eerste lidmaat af sondig.

- Maar tog het die Here nie hierdie kerk wat so onheilig is, verwerp nie.
- Die Here het ons heilig gemaak deur sy soendood.
- Hy het persoonlik ons onheiligheid met God versoen, en dit op die manier van ons af weggeneem.

Nou is ons God die Heilige Gees se heilige woning. Hy lei ons om die loon wat God vir ons in Christus weggeleë het, naamlik die ewige koninkryk van God, vir onself toe te eien.

- Ons behoort met die ewige dood betaal te word, want die Bybel leer dat die loon vir die sonde die dood is.
- Tog word ons beloon met die ewige lewe: Met versoening en met vryskelding van al ons sondes deur die Here Jesus Christus.

Dink weer daaraan dat ons in al ons nood na God toe mag kom sonder enige krag uit onself. Ons kom in die krag en genade van Jesus Christus en God die Heilige Gees, sodat God die Vader ons altyd weer kan verseker van die loon wat Hy vir ons weggeleë het.

Kom ons kyk wat leer ons belydenis oor hierdie dinge:

Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a) en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).
(a) Gal 3:10; Deut 27:26; (b) Jes 64:6.

Vraag 63: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a).
(a) Luk 17:10.

Vraag 64: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a).
(a) Matt 7:18; Joh 15:5.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 39:3, 4, 5 (15-3:3, 4, 5) (Wysie Psalm 100)

- 3 Wees nie bevrees as jul moet ly; / die duiwel self sal jul bestry.
Jul mart'laarskap is kort van duur; / jul lyde is Gods beproewingsvuur.
- 4 Laat wie volhard in stryd en nood, / getrou wees maar tot in die dood.
En 'k gee hul as genadeloon / die onverwelkb're lewenskroon.
- 5 En laat dit klink in hart en oor, / die drangroep wat die Gees laat hoor:
Die eewige dood sal nimmermeer / oor die oorwinnaar triomfeer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 5 Junie 2005

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 7 September 2014